higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIONALE SERTIFIKAAT (BEROEPSGERIG)

DIE SUID-AFRIKAANSE GESONDHEIDSORGSTELSEL
NKR VLAK 2

(9020042)

07 November 2022 (Y-vraestel)
13:00–15:00

Hierdie vraestel bestaan uit 6 bladsye.

Kopiereg voorbehou

TYD: 2 UUR
PUNTE: 150

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Beantwoord al die vrae.
2. Lees al die vrae met aandag deur.
3. Nommer die antwoorde volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.
4. Skryf netjies en leesbaar.

Kopiereg voorbehou

VRAAG 1

1.1 Kies 'n item of woord uit KOLOM B wat pas by 'n beskrywing in KOLOM A. Skryf slegs die letter (A–E) langs die vraagnommer (1.1.1–1.1.5) in die ANTWOORDBOEK neer.

KOLOM A		KOLOM B	
1.1.1	Gesondheidswerkmag	A	aktiwiteite waarmee mense gehelp word om gesond te lewe
1.1.2	Gemeenskapsdiens	B	sluit in voorkomende, bevorderlike, genesende en rehabiliterende dienste
1.1.3	Maatskaplike geregtigheid	C	professionele persone wat medies opgelei is om gesondheidsdienste te lewer
1.1.4	Die Suid-Afrikaanse gesondheidsorgstelsel	D	vasgestelde tydperk wat nuut opgeleide gesondheidswerkers by 'n staatsinstelling moet werk
1.1.5	Mediese sorg	E	intervensies om die gevolge van siektes om te keer
		F	die beginsel dat alle mense gelyk is

(5 × 1) (5)

1.2 Doelwitte word ook mikpunte of oogmerke genoem. Die distriksgesondheidstelsel het sewe doelwitte.

1.2.1 Een van hierdie doelwitte is 'Moedig gemeenskapsdeelname dwarsdeur die gesondheidsektor aan'. Bespreek hierdie doelwit. (5)

1.2.2 Regverdigheid word in die doelwit 'Bevorder regverdigheid, toeganklikheid en die gebruikmaking van gesondheidsdienste' genoem. Verduidelik wat die term regverdigheid beteken. (5)

1.2.3 Hoekom is die doelwit 'Ontwikkel aktiwiteite wat gesondheid bevorder om 'n gesonde leefwyse in 'n gesonde omgewing aan te kweek' belangrik? (5)

1.3 Teken 'n diagram van die verwysingstelsel van gemeenskapvlak na tersiêre vlak. (5 × 2) (10)

[30]

VRAAG 2

Lees die volgende scenario en beantwoord die vrae wat daarop volg.

Litho was twee jaar oud toe hy erge simptome van ontwatering getoon het. Sy ma Nonki het hom na die naaste kliniek geneem. By die kliniek het die verpleegster baie vrae gehad. Sy het Nonki uitgevra oor Litho se eetgewoontes en hulle lewensomstandighede. Sy wou ook weet of hulle toegang tot skoon water het. Nonki het vertel dat hulle water by die rivier daar naby moet gaan skep, en dat hulle 'n emmer as toilet gebruik omdat daar geen toilet is nie. Die verpleegster het Nonki aangeraai om die rivierwater te kook voordat hulle dit drink, en om die emmer gereeld skoon te maak sodat kieme nie versprei nie. Verder het sy vertel hoe belangrik dit is dat mens jou hande gereeld was, veral nadat jy 'n draai geloop het en voordat jy kos begin maak. Die verpleegster het ook op Litho se kliniekkaart gekyk of hy volledig geïmmuniseer is. Sy het Litho ondersoek en gesê Nonki moet 'n bietjie sout en suiker in water oplos en dit vir Litho gee om te drink om sy simptome te verlig. Verder het die verpleegster Nonki vertel van 'n sopkombuis daar naby waar sy kos kan kry. Laastens het sy 'n afspraak gemaak sodat sy Litho na drie weke weer kan ondersoek.

2.1 Hoekom het die verpleegster soveel vrae gevra voordat sy Litho ondersoek het? (2 × 2) (4)

2.2 Noem TWEE redes hoekom Litho se behandeling as primêre gesondheidsorg geklassifiseer kan word. (2 × 2) (4)

2.3 Noem die VIER soorte gesondheidsorg waaruit omvattende gesondheidsorg bestaan. Gee 'n voorbeeld van elk van die VIER soorte gesondheidsorg in die scenario hier bo. (4 × 3) (12)

2.4 Verduidelik hoe die feit dat Litho in 'n informele nedersetting bly en daar geen lopende water is nie, veroorsaak dat Litho ontwater het. (5 × 2) (10)

[30]

VRAAG 3

3.1 Voltooi die volgende sinne met die woorde in die lys hier onder. Skryf slegs die woord of woorde langs die vraagnommer (3.1.1–3.1.5) in die ANTWOORDBOEK neer.

geografiese; verbeter; distrik; individue; primêre

'n (3.1.1) ... gesondheidsorgstelsel is 'n manier om goeie (3.1.2) ... gesondheidsorg aan almal in 'n bepaalde (3.1.3) ... gebied te verseker. Met hierdie soort gesondheidsorgstelsel werk (3.1.4) ..., gemeenskappe en alle gesondheidsorgverskaffers saam om hulle eie gesondheid te (3.1.5) ... (5)

3.2 Die gesondheidsorgstelsel bevorder nie alleen die verskaffing van voedsel en behoorlike voeding nie, maar ook die verskaffing van veilige water en sanitasie.

3.2.1 Definieer die term *basiese sanitasie*. (3)

3.2.2 Noem die TWEE maniere waarop die regering basiese sanitasie lewer. (2)

3.2.3 Definieer die term *veilige water*. (3)

3.2.4 Noem die TWEE maniere waarop die regering veilige water verskaf. (2)

3.2.5 Definieer die term *voeding*. (2 × 2) (4)

3.2.6 Noem DRIE groepe mense wat by die Geïntegreerde Voedingsprogram baat vind. (3)

3.2.7 Verduidelik die verskil tussen gemeenskapsvoedingprogramme en voedingsprogramme by gesondheidsfasiliteite. (8)

[30]

VRAAG 4

4.1 Toon aan of die volgende stellings WAAR of ONWAAR is. Kies die antwoord en skryf slegs 'Waar' of 'Onwaar' langs die vraagnommer (4.1.1–4.1.5) in die ANTWOORDBOEK neer.

4.1.1 Die goudstormloop het in die laat 1800's in Johannesburg plaasgevind.

4.1.2 Die eerste demokratiese verkiesing en 'n verandering in die gesondheidstelsel het in 1986 plaasgevind.

4.1.3 Die WGO het in 1946 'n formele definisie van gesondheid bekend gemaak.

4.1.4 Die Gluckman-kommissie is in 1942 gestig.

4.1.5 Die Gluckman-kommissie is vernoem na die Suid-Afrikaanse president Gluckman.

(5 × 1) (5)

4.2 Daar is DRIE vlakke van sorg in die Suid-Afrikaanse gesondheidsorgstelsel.

4.2.1 Noem die DRIE vlakke van sorg. (3)

4.2.2 Noem DRIE algemene siektes wat op die eerste vlak van sorg behandel word. (3)

4.2.3 Noem TWEE probleme wat keer dat gesondheidsorg gelewer word. (2)

4.3 Om die beste gesondheidsorg te gee, word die regte en verantwoordelikhede van pasiënte in die Handves van Pasiëntregte uiteengesit.

4.3.1 Waar moet die Handves van Pasiëntregte vertoon word? (1)

Kopiereg voorbehou

4.3.2 Noem TWEE regte van pasiënte. (2 × 2) (4)

4.3.3 Noem TWEE verantwoordelikhede van pasiënte. (2 × 2) (4)

4.4 Verduidelik die filosofie van die distriksgesondheidstelsel. (4 × 2) (8)
[30]

VRAAG 5

5.1 Skryf die volgende akronieme volledig uit:

5.1.1 DHOO (‘DHET’)

5.1.2 SANBD ('SANBS')

5.1.3 MNR ('MRC')

5.1.4 DVG ('DOH')

5.1.5 'TAC'

5.1.6 PGS ('PHC')

5.1.7 GVP ('INP')

5.1.8 SOS ('STD')

5.1.9 TB

5.1.10 NRO ('NGO') (10 × 1) (10)

5.2 Bespreek die rol van burgerlike organisasies as individuele en gemeenskapsbelanghebbendes. (5 × 2) (10)

5.3 VIER omgewingsfaktore beïnvloed die gesondheidsorgstelsel.

5.3.1 Noem TWEE maniere waarop die sosio-ekonomiese faktore die Suid-Afrikaanse gesondheidsorgstelsel beïnvloed. (2)

5.3.2 Noem die ander DRIE omgewingsfaktore. (3)

5.4 Bespreek *volhoubaarheid* as een van die belangrikste beginsels van die distriksgesondheidsorgstelsel. (5)
[30]

TOTAAL: 150

Kopiereg voorbehou